

Inhoud Hierdie preek wys hoe die werklike opstanding van die Here as mens uit die dood die waarheidsoomblik vir geloof in Hom as God is. Dit wys ook hoe die Jode eers probeer het om 'n opstandingskultus te probeer voorkom het. Hulle wou keer dat daar 'n mite ontstaan dat die Here uit die dood opgestaan het omdat dit geestelike moeilik is om teen mites te veg. Hulle poging om hierdie mite te keer was totaal onnodig omdat daar by geen dissipel so 'n tipe geloof of poging tot so 'n tipe geloof was nie. Hulle wou Hom nie herleef nie omdat hulle nie meer in Hom as die Messias geglo het nie. Die waarheidsoomblik van die Here se opstanding as mens uit sy dood om weer mens te wees, het gemaak dat die Jode, nie die dissipels nie, die opstandingsmite geskep het oor die Here. Die dissipels het geen geloof in Jesus gehad om so mite te skep nie. Die dissipels het die lewende Here ontmoet en so tot die geloof gekom dat Hy God met hulle is – 'n geloof wat hulle ook nie voor sy opstanding gehad het of wou gehad het nie. Die moderne Christelikheid vermy net soos die Jode die waarheidsoomblik van die Here se opstanding as mens liggaamlik uit die dood deur Hom geestelik in hulle te herleef. Hulle wil nie glo dat Hy vandag as mens leef nie en glo in die mite dat Jesus nou deur hulle leef.

1. Lied 409: 1,2,3

Skriflesing: Matt. 4:1-11 en Matt. 27:62-20

Matt. 4:1-11: *“Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. ²Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword. ³Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.” ⁴Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.” ⁵Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan ⁶en sê vir Hom: “As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag gee en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.” ⁷Jesus sê vir hom: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.” ⁸Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag ⁹en sê vir Hom: “Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.” ¹⁰Maar Jesus sê vir hom: “Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”*

Matt. 27:62-20: *“⁶²Die volgende dag, die dag na die Vrydag, het die priesterhoofde en die Fariseërs by Pilatus gekom ⁶³en vir hom gesê: “Meneer, ons onthou dat toe daardie bedrieër nog geleef het, hy gesê het: ‘Na drie dae sal ek uit die dood opgewek word.’ ⁶⁴Gee dan bevel dat die graf drie dae veilig bewaak word, sodat sy dissipels hom nie dalk kom steel en vir die mense vertel: ‘Hy is uit die dood opgewek’ nie. Dan sal die tweede bedrog erger wees as die eerste.” ⁶⁵Pilatus antwoord hulle: “Hier is vir julle 'n wag; gaan beveilig die graf so goed as julle kan.” ⁶⁶Hulle het toe gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wag daar te laat bly. **28** Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk. ²Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. ³Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. ⁴Van skrik vir hom het die wagt gebewe en soos dooies geword. ⁵Toe sê die engel vir die vroue: “Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. ⁶Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk:*

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

daar is die plek waar Hy gelê het. ⁷Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê." ⁸Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel. ⁹Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid. ¹⁰Toe sê Jesus vir hulle: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien." ¹¹Terwyl die vroue op pad was, kom party van die wagte in die stad aan en vertel vir die priesterhoofde alles wat gebeur het. ¹²Die priesterhoofde het saam met die familiehoofde vergader en die volgende plan gemaak. Hulle het vir die soldate 'n groot som geld gegee ¹³en gesê: "Julle moet sê: 'Sy dissipels het in die nag gekom en sy liggaam gesteel terwyl ons geslaap het.'"¹⁴En as die goewerneur daarvan hoor, sal ons hom tevrede stel en sorg dat julle nie bekommerd hoef te wees nie." ¹⁵Die wagte het toe die geld gevat en gemaak soos hulle voorgesê is. Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode vertel. ¹⁶Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. ¹⁷Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. ¹⁸Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. ¹⁹Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en ²⁰leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

2. Lied 422:1,2,3

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

PJ Kriel

05.04.2015

Teks: Matt. 28:20: “en onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Tema: Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

1. Die opstanding van Jesus Christus uit die dood, hierdie Sondagoggend, is die mens se waarheidsoomblik met God.

Ons waarheidsoomblik met God is nie ons bekering van sonde tot gehoorsaamheid aan die Wet of ons verandering van ons lewenswyses en patrone nie, nog minder die los van een politieke ideologie of bedeling vir 'n ander politieke ideologie of bedeling nie.

Die mens se waarheidsoomblik met God is en bly die leë graf van Jesus Christus die Sondagoggend, na Sy dood Vrydagmiddag.

2. Die besondere van elke evangelie se getuienis oor die opstanding van Jesus uit die dood, is dat niemand geglo het wat gebeur het nie.

Nie die Jode nie! Nie Jesus se elf dissipels of enige een van Sy volgelingen nie.

Die Jode het baie goed geweet van Jesus se aanspraak dat Hy op die derde dag na Sy dood, uit die dood sou opstaan.

Daarom maak hulle voorsiening vir die begin van enige vorm van opwekkingskultus na Jesus se dood. Die enige wyse waarop so 'n opwekkingskultus rondom die persoon en lewe van Jesus sou kon begin, was as Sy dissipels Sy liggaam sou kom steel en dan die storie versprei dat Hy uit die dood uit opgestaan het.

3. Al wat hulle nodig gehad het om enige vorm van opwekkingskultus te keer, was om te wys dat Hy nie op die derde dag uit die dood uit opgestaan het nie. Na drie dae sou Sy dissipels hulle nie meer kon beroep op Jesus se verklaring dat Hy uit die dood uit sou opstaan nie.

Al wat hulle nodig gehad het om enige vorm van opwekking of herlewingskultus rondom Jesus te keer, was om na drie dae nog Sy lyk te kan wys. Die besit van Sy lyk sou Sy invloed na Sy dood om so 'n tipe herlewingskultus te inisieer, finaal beëindig.

Daarom vra hulle by Pilatus 'n Romeinse wag-eenheid om net tot na hierdie derde dag, die graf te bewaak. Pilatus was ook nie onbewus van wat so 'n herlewingskultus vir die Joodse nasionalisme en opstand teen Romeinse oorheersing kon beteken nie. Hulle moes al so 'n Joodse nasionalistiese oplewing onderdruk net voor Jesus se optrede. Daarom werk hy met hierdie versoek saam.

4. Wat is 'n Romeinse wag?

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

Dit is nie een enkele persoon soos wat ons wagte ken wat deur sekuriteits-ondernemings uitgeplaas word by huise of besighede nie.

In ons taal is hierdie wag-eenheid 'n peloton. Dit is 'n groep gewapende soldate.

Hierdie wag-eenheid het die graf, waarvoor daar 'n groot uitgekapte, ronde rots gerol is, verseël om te wys dat Jesus se lyk binne-in is en dat niemand onverhoeds daar kon ingaan sonder om te seël te verbeek nie. Hulle het toe op bevel van Pilatus as goewerneur, die graf bewaak.

5. Wat is 'n opwekkingskultus?

Dit is vir ons duidelik uit die gesprek wat berig word tussen die Joodse godsdienstige leiers en Pilatus as politieke hoof van Palestina.

'n Opwekkingskultus is wanneer 'n storie opgemaak word dat iemand wat dood was, weer lewe.

Die Jode wys dat die moontlike opwekkingskultus rondom Jesus uit twee leuens sal bestaan:

Die eerste bedrog volgens hulle, was toe Jesus op die donkie in Jerusalem ingekom het en die skare Hom opgewonde as die Messias uitgeroep het. Om Jesus koning van Jerusalem en hulle lewe te maak, was die eerste leuen.

Die tweede bedrog, wat veel erger is, is dan die leuen dat Jesus, wat dood was, opgestaan het uit die dood en dat hierdie Jesus daarom nou al hulle verwagtings opwek. So begin Jesus nou in en deur hulle leef.

Die Jode het geweet dat die tweede leuen erger sou wees. Want Jesus se eerste magsaanspraak kon hulle beëindig deur Hom dood te maak, soos hulle dan wel gedoen het. Maar hoe veg jy teen 'n mite en legende van Jesus wat uit die dood uit opgestaan het en nou deur Sy volgeling leef? Meer nog, wat nou Sy volgeling die ware verteenwoordigers van die Joodse geestelike maak en die mag van die tempel en tempeldiens oorneem omdat hulle nou die bemaatigde leiers van hierdie herleefde Messias is?

'n Opwekkingskultus is 'n mite van iemand wat dood was en uit die dood opgestaan het, en nou deur sy volgeling sy lewe verder leef.

6. Was hierdie vrees van die Jode enigsniks gegrond?

Was daar enige moontlikheid dat Jesus se dissipels na Sy dood op Vrydagmiddag gou geheg groepeer het en 'n opwekkingskultus beplan het as alternatief op Jesus se dood, sodat hulle deur 'n herlewingskultus aanspraak kan maak om die ware Joodse leiers te wees van die ware Joodse spiritualiteit?

Die getuienis van die evangelies is hieroor baie duidelik. Daar was nooit so iets in die gemoed van die dissipels nie.

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

Matteus wys dit uit in sy vertelling van die twee Maria's se optrede na Jesus se dood.

Nadat Josef van Aramatia Jesus se lyk in doeke toegedraai het en in die graf gesit het, het hierdie twee vroue buite die graf gesit en rou. Josef sou Jesus nooit in doeke toegedraai het as Hy enige opwekking vermoed het nie. Meer, as daar enige beplande opwekkingskultus was, sou hy die ideale persoon gewees het om Jesus se lyk te laat verdwyn.

Die twee Marias het nie by Sy graf gesit en wag vir 'n opstanding nie. Hulle het gesit en rou.

Die derde dag het hulle ook nie gestaan en wag vir enige vorm van opwekking nie. Hulle het gegaan om Sy lyk te versorg in die wete dat Hy vir altyd dood is en wou aan Hom die eer betoon om Sy lyk te balsem.

7. Waar is die dissipels?

Bang en verstrooid!

Ons mag dit nie so sien dat die Jode Jesus doodgemaak het en gedink het dat hierdie valse Messiaanse beweging nou volgens hulle verby is nie. Hulle sou enige dissipel wat op enige manier iets van hierdie mag wat hulle om Jesus wou opbou, sou wou voortsit, ook doodgemaak het, nes hulle die Here doelbewus doodgemaak het om 'n einde aan hierdie Messiaanse beweging te maak.

Alle geestelike magstryde werk só: jy moet die leier en sy opvolgeling uitwis. Die dissipels het dit geweet en daarom bang weggekruip. Hulle het geweet hulle is volgende op die Joodse agenda om aan hierdie geestelikheid 'n einde te maak.

Hulle het nie gesit en 'n opwekkingskultus beplan as reaksie op wat die Jode met hulle beplande Messiaanse beweging gedoen het nie. Die getuienis in die evangelies is hieroor baie duidelik. Die dissipels het van die begin tot die einde Jesus se woorde oor Sy opstanding verwerp en geminag.

Met die Here se eerste lydingsaankondiging het Petrus Hom ontsteld in die Naam van God tereggewys om hierdie sotlike idee uit Sy kop te kry. Sy herhaalde aankondiging het die dissipels moedeloos en verward gemaak in hulle Messiaanse verwagtings oor Hom.

Judas se verraad was juis deur hierdie beplande opstanding van die Here gemotiveer, en Petrus se verloëning was juis omdat hy Jesus geminag het omdat Hy Homself aan die mag van die Jode oorgegee het in die verwagting dat Hy uit die dood sou kon opstaan.

Daarom is dit net twee vroue wat bereid was om nog aan Jesus die laaste eer by Sy graf te betoon. Die ander was ontsteld, teleurgesteld en wanhopig bang oor Jesus se oorgawe aan die Joodse wag en die oortuiging dat Hy uit die dood sou opstaan.

Daarom was dit vir die Jode totaal onnodig om Jesus se graf te bewaak om die begin van 'n herlewings- of opwekkingskultus te keer waarin dissipels sou aanspraak

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

maak dat Jesus in hulle opgestaan het en nou in hulle lewe omdat Hy uit die dood uit opgestaan het.

Geen dissipel het so geloof of verwagting gehad nie. Dit was juis die rede hoekom hulle Hom verrai, verloën en Hom verlaat het, om alleen met Sy oortuiging dat Hy uit die dood uit sou opstaan, te sterf.

Hoe kan jy só iemand as geestelike leier navolg en ondersteun?

8. En toe is die graf Sondag-oggend leeg!

Die Joodse geestelike leiers sit onmiddellik met die konfrontasie dat hulle wettiese geestelikheid nou bedreig word! Hulle glo in 'n Messias wat hulle sal kom bemagtig in hulle wettiese geestelikheid, en nou is daar 'n Messias wat hulle doodgemaak het, en wat uit die dood uit opgestaan het.

En hier vind die eerste en tweede bedrog van die opstandings-Sondag plaas.

Hulle koop die wag-eenheid om om die storie te versprei dat Jesus se dissipels Sy lyk kom steel het terwyl hulle dwarsdeur die gestelery aan die slaap was.

Hoe geloofwaardig is hierdie storie nou, noudat hulle juis voorsorg getref het dat so 'n storie geen geloofwaardigheid sou hê nie?

U moet in gedagte hou dat niemand in hierdie wag-eenheid beseer of doodgemaak is in hierdie steel-storie nie. Daarom moet hulle die storie opmaak dat hulle geslaap het.

Hoe geloofwaardig is dit?

Hulle kan nie sê dat hulle nie by die graf was nie, want hierdie pligsversuim was strafbaar met die dood. So hulle was by die graf, maar net vas aan die slaap. So vas aan die slaap dat 'n rots se seël gebreek word en 'n rotsblok weggeskuif word sonder dat hulle wakker geword het.

Die enigste rede om so vas te slaap, sou wees omdat hulle gesuip was.

Daarom verseker die Joodse geestelikes hulle dat hulle niks hieroor openbaar sal maak, en geen klagte oor die gesteelde lyk by die owerheid aanhangig sal maak nie. En sou die inligting by die owerheid uitkom, sal hulle die owerheid verseker dat dit glad nie vir hulle belangrik is om die saak op te volg nie, en dat hulle geen eise teen die wagte gaan instel nie.

En vir hierdie stilte betaal hulle die wag-eenheid!

9. Hoekom?

Want hulle staan voor die waarheid van die leë graf.

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

'n Leë graf waarvoor hulle die voorsorgmaatreëls getref het dat so iets net nie kán gebeur nie, sodat 'n opstandingstorie met enige geloofwaardigheid nie versprei kan word nie.

En so gebeur die mees ironiese van die Jode se voorkoming van 'n opwekkingskultus!

Hulle gee geloofwaardigheid aan die poging tot, en begin van 'n opwekkingskultus. Hulle maak die leë graf se storie stil en maak dit daardeur die mite wat hulle wou voorkom het. Die Jode het die storie van 'n opwekkingskultus wat nooit gebeur of ontstaan het nie, opgemaak en versprei.

Hoekom?

Want om teen hierdie mite te veg, is makliker as om voor die waarheidsoomblik van die leë graf te staan. In hulle spiritualiteit kon hulle kans sien vir dit waarvoor hulle 'n dag van tevore nie kans gesien het nie – eerder 'n opwekkingskultus as die werklikheid van die leë graf van 'n Messias wat hulle gekruisig het, en wie verklaar het dat Hy uit die dood gaan opstaan.

Die leë graf het hulle waarheidsoomblik met God geword, wat hulle met omkoopgeld en 'n storie van 'n opwekkingskultus vermy het. Hulle het die mite versprei wat hulle wou voorkom het.

10. Het Jesus se verskyning na Hy uit die graf uit opgestaan het 'n opwekkingskultus begin?

'n Kultus waar mens ywerig vertel dat Jesus in hulle opgestaan het, en nou deur hulle leef omdat Hy uit die dood uit opgestaan het?

Twee berigte wys dat selfs Jesus se verskyning as lewende mens na Sy opstanding, geen opwekkingskultus aan die gang gesit het nie. Die eerste verskyning wat in Matteus berig word, is die Here se verskyning aan Maria Magdalena. Sy herken Hom glad nie as sy Hom sien nie.

'Sien' wys dat sy Hom as mens sien, en nie van Hom 'n visioen kry, 'n geestelike ervaring het of Hom in gesig sien nie. Daarom dink sy dis die tuinier. In ons taal die koster.

Ons kan iets hiervan herken in 'n insident wat so paar jaar gelede hier onder by Mykie en Elize se winkel afgespeel het. Een van die jongmense het oorsee vertrek om twee jaar in Engeland te gaan werk. Ons het almal sy afskeidspartytjie bygewoon. Maar daar het iets voorgeval en hy het vier maande later teruggekom. Toe speel hierdie besondere insident af. Hy stap in by die winkel, hulle bedien hom en praat met hom, maar herken hom nie en hanteer hom as vreemde kliënt.

In hulle gemoed was hy in Engeland en hulle sien hom net nie hier voor hulle raak nie. Eers toe hy hulle aanspreek het en wys dit is hy, het hulle hom geskok herken.

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

Maria ervaar geen opwekkingsgesig van Jesus wat in haar opstaan en leef nie. Wanneer Hy eers met haar praat, herken sy Hom nie en sien Hom nie as geestelike verskynsel raak nie, maar as die tuinier wat werk in die begraafplaas.

Jesus se verskyning aan haar, as mens wat uit die dood uit opgestaan het, het geen opwekkingsbeweging begin nie. Sy gaan en vertel ook nie dat sy Jesus in 'n visioen ervaar of in 'n gesig beleef het nie. Sy stel dat sy Hom gesien het as mens.

Dieselfde gebeur met die verskyning van die Here aan die dissipels in Galilea. Hulle sien Hom vir wie en wat Hy is. Dit is geen kollektiewe ervaring van een of ander visioen nie. Hulle sien Hom soos wat Hy voor die tyd vir hulle gesê het: Hy het werklik as mens weer lewend uit die dood opgestaan.

Daarom is hulle reaksie ook nie die van geestelike entoesiaste met die geestelike verrukking dat Jesus in hulle opstaan en Jesus in hulle leef nie. Hulle val in aanbidding voor Hom neer met die mees tipiese reaksie – terwyl ander nog steeds twyfel in wat hulle sien, want hulle kan nie glo wat hulle sien nie: Jesus is weer die mens wat Hy voor Sy dood was.

11. Hulle sien Hom as die mens, na liggaam en siel, wat Hy voor Sy dood Vrydag was.

Voor Hom wat uit die dood as mens, opgestaan het om weer mens te wees, staan hulle in die waarheidsoomblik met God self. Jesus is nie die morele en geestelike leier wat hulle spiritualiteit bemagtig nie.

Jesus is wat Hy is.

Hy is nie wat hulle van Hom wou maak nie. Hy is nie die mens van hulle spiritualiteit nie. Hy is nie wie hulle Hom wou maak en laat wees in hulle geestelike verwagtings nie. Voor Hom staan hulle in die waarheidsoomblik – Hy is wie Hy gesê het Hy is.

12. Wie is Jesus as Hy Homself is?

Dit kondig die Here dan in die laaste twee verklarings aan : aan My is alle mag op hemel en aarde gegee, en Ek is met julle al die dae tot die voleinding.

Met hierdie verklarings openbaar die Here dat Hy die Dawidsbelofte met Sy opstanding uit die dood vervul het, om die Seun van Dawid te wees wat vir altyd aan die regterhand van God sal regeer oor Sy volk, Sy Kerk, en dat Hy die Abrahamsbelofte vervul dat Hy as Jesus self nou God met hulle sal wees op die wyse waarop dit in Eseg. 36:24 – en Jer. 31:31 aangekondig was.

Met hierdie twee verklarings vervul die Here die aankondiging in Matteus 1 vers 1: *“Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham”*

Die “alle mag” is nie die magte wat die Duiwel in Matteus 4 aan die Here gewys het nie: die mag as wonderwerker, spirituele leier van 'n tempelgemeenskap of 'n geestelike leier van godsstate nie.

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

Dit is nie so dat die Here die Duiwel se magsaanbiedinge afgewys het omdat Hyself hierdie tipe mag op Sy eie manier in die hande sou kry nie.

Die mag wat die Here op die berg in Galilea aankondig as “alle mag”, is juis die teendeel van alle soorte geestelike mag wat geestelike leiers soek en opbou, en mense in spiritualiteit wil belewe.

Die Here het alle mag om die veroordeelde en vervloekte sondaar te wees wat Sy dissipels voor God moes gewees het. Hy het alle mag om hulle heilig en regverdig vir die liefde van die Vader te maak. En daarom het Hy alle mag om self God met hulle te wees, al die dae tot die voleinding.

Hy is wat Hy is, deurdat Hy die mens vandag is, in ons plek, wat ons nie kan wees nie, en die mens in ons elkeen was, wat ons moes wees – en daarom is Hyself God met ons. God wat die liefde gee waardeur Hy al die beloftes vervul dat ons, vergewe en vernuwe, Hom kan liefhê as God.

Dit is wie Jesus is as Hy Homself is, en nie die figuur van een of ander opwekkings-geestelikheid is nie.

13. Wat is ons werklike probleem met God?

Ons werklike probleem met God is ons liefde. Ons weet hoe om met geld te begin en met geld te eindig in ons lewe. Ons kan hierdie kuns aanleer en vervolmaak. Ons weet hoe om mag te verkry en te behou. Hierdie spel kan ons heeltemal vervolmaak en dit tot in ons laaste asemteug volhou daarmee, en nog sorg dat ons mag geslagte na ons dood steeds effektief is.

Maar ons kan nie God volhoubaar liefhê nie. Ons kan nie met God in liefde begin en in liefde eindig nie. lewers, en baie gou, langs die pad word hierdie liefde minagting, weersin, afkeur en hovaardigheid teenoor God self.

Daarom is Christus wie Hy is, en nie een of ander opwekkingservaring van God wat in ons opstaan, en ons wat God in ons vir ander uitleef nie.

Jesus Christus is God by ons. Werklik mens in ons plek, sodat Hy werklik God in Sy verbondsliefde met ons is: God met ons in Sy liefde, nie God in ons opgewek nie.

Christus is nie ons geestelike ervaring van God in ons, en wat van God in ons opstaan nie. Hy is wat Hy is: God in Sy volle verbondsliefde, met ons. Nie een of ander beeld van God in ons, wat ons in ons eie gemoed en gees opgewek het nie.

Altyd trou in Sy liefde met my, in 'n liefde wat elke dag liefde is en liefde bly, tot die voleinding toe. En daarmee is Hy ons verlosser en kan ons Hom aanbid: God in Sy liefde met ons!

14. Die ironie waarin ons lewe is dat in ons eie NG Kerk, en feitlik elke Gereformeerde Kerk, moet hierdie waarheid vandag vermy word.

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

In die gemoed van intellektueles en geestelikes moet ons as Kerk niks anders as net nog 'n opwekkingskultus wees nie. So word dit in fakulteite voorgehou en in herlewings voortgeleef: die metafoor van die opstanding!

Jesus moet vandag in jou opstaan!

Jesus se nie-rassigheid moet in jou opstaan en jy moet Jesus se nie-rassige lewe vir Hom in die wêreld uitleef; Jesus se oop en internasionale karakter moet in jou opstaan en jy moet Sy multikulturele lewe vir ander in jou uitleef; Jesus se deemoed vir armes moet in jou opstaan en jy moet Sy solidariteit met armes vir Hom in jou lewe uitleef; Jesus se geestelike intimiteit met God moet in jou opstaan en jy moet die lewe van Jesus in die krag, die Naam en die wil van God in jou leef; Jesus se morele lewe en Sy besondere naasteliefde moet in jou opstaan en jy moet Sy liefde in jou met ander mense uitleef.

Met elke opwekkingskultus waarin intellektueles en geestelikes Jesus in mense wil laat opstaan, skep hulle nuwe waarheidsoomblikke met God om die een en enigste werklike waarheidsoomblik met God te vermy en stil te kry, net soos die Joodse wettiese geestelikheid: jou bekering, jou sosiale insig, jou sosiale nuwe orde, jou godsoomblik met God in die eenheid van Sy krag, lewe en Naam.

Wat is die waarheidsoomblik vir al hierdie opwekkingskultusse wat op hierdie wyse hulle geestelikheid in die Naam van Jesus bemark?

Die leë graf.

Dit is en bly die enigste werklike waarheidsoomblik met God! Die graf was leeg en die Jode het baie seker gemaak dat daar geen opwekkingskultus na Sy dood kan begin nie.

Want alle opwekkingskultusse is 'n oplewing en herlewing van die dooie Jesus, die lyk van Jesus. Elke opwekkingskultus se krag is en bly die gesteelde lyk van Jesus.

Jy moet Hom opwek in jou, want Hy het nie self as mens weer uit die dood opgestaan om self lewend mens te wees vandag nie. Jy moet God in jou laat leef en herleef, want Hy is nie hier om self God met ons te wees al die dae tot die voleinding nie.

Die opwekkingskultus wat elke intellektueel en geestelike die Kerk van die Here wil maak, was en sal die Kerk nooit wees nie. Daar was geen volgeling van die Here wat Sy opwekking in hulle geglo het nie, wat nog van Sy opstanding as mens om 'n leë graf agter te los.

Daarom was die leë graf en die Here se verskyning as mens, lewend vandag – hulle waarheidsoomblik met God:

of jy glo Hom vir wie Hy is en aanbid Hom,

of jy verwerp Hom as 'n gesteelde lyk in jou opwekkingswaan, teen alle getuienis van die Skrif in dat Sy opstanding geen opwekkingskultus kon begin het nie.

Christus het as mens uit die dood opgestaan om vir altyd God met ons te wees.

Teen alle keuse en konfrontasies wat vir ons as waarheidsoomblikke met God opgemaak word deur geestelike en intellektuele leiers, is daar in Christus net één waarheidsoomblik met God – die leë graf van Jesus wat as mens vandag leef: God met ons!